OPWINDENDE LOOPBAANGELEENTHEID

CERES, WES-KAAP

Ceres Fruit Growers (Edms) Bpk, een van die leidinggewende vrugte-, verpakkings- en bemarkingsmaatskappye in SA, benodig ’n energieke en professionele persoon in die volgende betrekking by sy **Ceres** aanleg:

Verkoelingstegnikus:

Die koelopberging van vrugte vorm ‘n belangrike deel van ons werksaamhede en ons beskik oor uitgebreide verkoelingsgeriewe wat gewone sowel as beheerde atmosfeer koelopberging insluit. Ons verlang die dienste van ‘n toepaslike gekwalifiseerde Ambagsman wat in besit is van ten minste ‘n N3 of gelykwaardige kwalifikasie asook ‘n suksesvolle voltooide vaktoets. **Ondervinding van ammoniak-verkoelingsinstallasies is ‘n vereiste**.

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelikheid aanvaar vir: > Instandhouding, herstelwerk en foutopsporing op alle ammoniak verkoelingstoerusting (meganies en elektries) > Deurlopende inspeksies en rekordhouding van instandhouding- en veiligheidstelsels > Kennis van vrugte bedryf sal aansoek versterk > Daar sal ook van die sukselvolle kandidaat verwag word om bystanddiens op ‘n na-ure basis te lewer.

Ons bied ‘n markverwante, prestasiegedrewe vergoedingspakket aangevul deur die voordele en aangename werksomstandighede wat met ‘n vooruitstrewende maatskappy vereenselwig word. Die vergoedingspakket is onderhandelbaar ten einde die regte kandidaat te werf.

Stuur asseblief u aansoek, met vermelding van u huidige vergoedingspakket en drie kontakbare verwysings, aan Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Ceres Fruit Growers (Edms.) Beperk, Privaatsak X67, Ceres 6835 of e-pos: hr@cfg.co.za

Sluitingsdatum: 4 Augustus 2021

Indien u nie binne drie weke ná die sluitingsdatum van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

In ooreenstemming met ons Beleid op Gelyke Indiensneming, sal toepaslik gekwalifiseerde persone vanuit die geïdentifiseerde groepe voorkeur ontvang.